Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.





Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 17 Desember 1947 No. 5

O.B.-Trou Wapen in Hand Van Volk Sê K.G.

Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, rig onderstaande Nuwejaarsboodskap tot die Ossewabrandwag:

In 1938 is die Ossewabrandwag gebore en in 1948 kan ons met goeie moed getuig dat hy in hierdie tien jaar nie net gehard geword het nie, maar ook sy wortels dieper en stewiger in die volksiel geskiet het.

In die afgelope jaar het ons uit die jarelange isolasie gebreek en 'n troue vriend gevind. In samewerking met daardie vriend gaan ons die naoorlogse optrede tegemoet vir die beveiliging van 'n Christelike en blanke Suid-Afrika.

Die Taaie trou van tien jaar stryd teen oormag is die beste waarborg dat die Ossewabrandwag 'n getemperde wapen in die hand van die Afrikanerdom gaan wees. En vir daardie bewese trou dank ek elke man en vrou en seun of dogter in die Beweging en in sy Boerejeug. Mag 1948 vir elkeen van u sowel as vir die Beweging wat u lief het, groot dinge bring.



Dr. Hans van Rensburg

EMIGRASIE OM RYK TE RED

Nog 'n erkenning dat Brittanje ten koste van homself werkers uitvoer na die dominiums terwille van die behoud van die Ryk vir Engeland is verlede week gedoen deur die Britse minister van oorlog, Shinkwell. Hy het gesê:

„Hoewel Brittanje nie noodsaaklike werkers kan verloor nie, sal die vraagstuk van emigrasie op 'n georganiseerde skaal in die toekoms oorweeg moet word. Brittanje moet meer mense aan die kolonies en dominiums verskaf as deel van sy Empirebeleid en vir veiligheids- en ekonomiese redes".

In dieselfde week het Churchill ses punte as beleid van sy party genoem. Die sesde punt lui: „Om hom te beywer vir die vereniging en samesnoering van die Statebond en die Empire, sonder wie die veiligheid van hierdie eiland nie gehandhaaf kan word en sy voorspoed nie kan terugkeer nie".

NOODHULPFONDS BETAAL £120,000 UIT IN 6 JAAR

Sedert die eerste Afrikaners aan die begin van die oorlog deur die Empirebewind vervolg is, het die Ossewabrandwag se noodhulpfonds reeds 'n totale bedrag van nagenoeg £120,000 uitbetaal aan die afhanklikes van die gevangenes en geïnterneerdes, na die sekretaris van die Noodhulpfonds „DIE O.B." meegedeel het. In die afgelope jaar alleen is 'n bedrag van naastenby £2,400 uitbetaal.

Intussen het die fonds egter begin leegloop, aangesien bydraes tans nie meer so gereeld ontvang word nie, daar meeste mense onder die indruk verkeer dat die politieke vervolging saam met die oorlog ten einde geloop het. Daar is egter nog 'n hele aantal politieke gevangenes in Pretoria wie se afhanklikes sedert jare al net op die Noodhulpfonds toegewys is vir 'n menswaardige bestaan, en al sou hierdie gevangenes losgelaat word, sal hulle nog geruime tyd ondersteuning moet ontvang ten einde eers weer ten volle op die been te kom.

Daar is op die oomblik 'n tekort van omtrent £600 wat aangevul moet word, en in verband waarmee „Die O.B." ook 'n oproep van die Kommandant-Generaal geplaas het.

BYDRAES

In die afgelope jaar is uit O.B.-kringe 'n bedrag van oor die £2,100 bygedra, wat nog 'n pragtige prestasie van die Beweging is twee-en-'n-half jaar na die oorlog. Die bydraes van die verskillende gebiede is as volg:

Gebied A (Wes-Kaapland)	£688
Gebied B (Oos-Kaapland)	59
Gebied C (Vrystaat)	7
Gebied D (Natal)	90
Gebied E (Transvaal)	412
Gebied F (Noord-Transvaal)	775
Diverse Bydraes	90
Totaal	£2,121

Ontsettende Verwoesting In Duitsland

Die Geallieerde lugaanvalle op Duitse dorpe en stede het volgens deskundige skatting 400,000,000 ton puin in Duitsland agtergelaat. Daarby is 40 persent van die huise na die val van Duitsland in 1945 in die Amerikaanse gebied vernietig.

Volgens berekening is daar in die Britse gebied 1,600,000 huise vernietig en 1,400,000 beskadig. In die Russiese gebied, waar daar voorheen 4,600,000 huise was, is net 433,000 beskadig of verniel. Dit is omdat die groot lugaanvalle meer in die Weste plaasgevind het.

Rof gereken kan ongeveer die helfte van die wonings in die Russiese gebied herstel word. In die Franse gebied is die ses groot stede so te sê met die grond gelyk gemaak. Voor die oorlog het hulle saam 167,000 woonhuise gehad; driekwart hiervan is vernietig.

DIE KOERS



Nege jaar gelede het die vaandels van Afrikaanse nasionalisme fier gewapper in die frisse atmosfeer van eensgesindheid. Ons volk was weer op trek. Vandag bevind hy hom in 'n maalstroom van verwarring onderwyl die vyand opnuut 'n aanslag maak op sy grondgebied en sy volksbestaan. Ons volk moet weer op trek!

Engeland Wil Nie Ons Steenkool Karwei

Die Britse regering het weer geweier om lisensies uit te reik sodat skepe beskikbaar gestel kan word om Suid-Afrikaanse steenkool na Ierland te vervoer. Ondernemings in Dublin het aangebied om die steenkool te vervoer, maar sonder sukses.

Vandag lê tonne steenkool in ons hawens opgehoop omdat ons van Britse skepe afhanklik is.

Moskou Worstel Met Sy Eie Kapitalisme

Rusland het 'n dekreet uitgevaardig waarin hy devaluasie van die roebel aankondig, na Sapa-Reuter uit Moskou berig. Die bedoeling van die maatreël is om die groot hoeveelheid papiergeld wat gedurende die oorlog uitgegee is, terug te trek en pryse sodoende omlaag te dwing.

In sommige gevalle sal spaargeld tot die helfte verminder word, terwyl geld in omloop tot soveel as nege-tiendes inkrimp. Die eerste 3,000 roebels van beleggers sal onveranderd bly, maar daarna sal dit vir nuwe geld ingeruil word teen 'n verhouding van 2 tot 3, en 1 tot 2 in die geval van 10,000 roebel of meer. Dit wil sê in laasgenoemde geval verloor spaarders die helfte van hul geld.

As 'n aanmoediging is terselfdertyd aangekondig dat rantsoenering afgeskaf word.

In die dekreet word veral te velde getrek teen „spekulante", wat daarop dui dat Rusland in hierdie opsig ook nog nie veel verder gevorder het as met sy klasse-gelykstelling nie, waar die publiek nog in treine en op skepe in vyf klasse verdeel word.

In Rusland het private kapitalisme eintlik maar net staatskapitalisme geword.

Hiervoor Het S.A. Geveg

Die diens wat Suid-Afrika Pole bewys het deur tot die oorlog toe te tree, kan kortliks as volg opgesom word:

Vyf-en-dertig duisend persone is die afgelope paar maande deur die Kommuniste daarvan betrap dat hulle oor die grens wou vlug om weg te kom van die Kommunistiese diktatuur wat Pole gekry het om Danzig te behou.

Nieteenstaande 21,000,000 uit die 24,000,000 siele in Pole gekant is teen die huidige Kommunistiesbeheerde regering, het die linkse elemente 383 verteenwoordigers in die parlement teenoor 61 van die nie-kommuniste.

Behalwe Mikolajczyk, leier van die anti-Kommuniste, wat daarin geslaag het om weg te kom, is vyf ander lede van die party so pas die reg ontsê om langer lede van die parlement te wees. Hulle is: S. Banczyk, S. Wojcik, F. Wojcicki, T. Nowak, en K. Nadobnik. Hul plekke is ingeneem deur kommuniste.

Dit is hiervoor wat Suid-Afrika geveg het.

Jopie Fourie se Einde vir Vryheid en Reg

Die dae voor Kersfees drie-en-dertig jaar gelede was vir die Afrikanervolk 'n tyd van groot beroering: Die Rebellie teen Britse heerskappy was in volle gang en in Pretoria word komdt. Jopie Fourie wat 'n paar dae van te vore gevang is, deur 'n krygsraad verhoor om uiteindelik tot die dood veroordeel te word. Ondanks die protes van die Afrikanervolk en versoekskrifte wat ingedien is, is die doodvonnis deur veldm. J. C. Smuts—toe 'n generaal—bekragtig en is Jopie Fourie op Sondagmôre, 20 Desember 1914, deur 'n vuurpeleton tereggestel. Nog 'n Boereheld is hierdeur geplaas op die ererol van Afrikaners wat met hul bloed vir die Vryheidsideaal betaal het.

Jopie Fourie het soos honderde Afrikaners voor hom die stryd teen die Britse Empire aangedurf, maar min het hy geweet toe hy die wapen opgeneem het, dat hy die spore van Bezuidenhoudt van Slagtersnek sou volg om met sy lewe te betaal. Op Slagtersnek was die beul 'n Brit, maar hier was die beul 'n Afrikaner maar in diens van dieselfde Empire van 100 jaar gelede.

SY WOORDE

Nadat die doodvonnis oor hom uitgespreek is, het die groot donker figuur van komdt. Fourie omhoog gekom. Hy het met vaste stem gepraat: „Ek is 'n gebore Transvaler, gebore onder die Republikeinse vlag. In die laaste oorlog het ek teen die Engelse regering geveg totdat ek swaar gewond en in die hospitaal gebring is. Terwyl ek as gewonde gevangene was, het 'n Engelse offisier my 'n blou wond met sy rewolwer gestamp. Dit het my nie lekker laat voel



Komdt. Jopie Fourie

teen die Engelse nasie nie, my eie gevoel het ek bedwing hopende dat die Engelse met ons sou saamwerk om 'n voorspoedige Suid-Afrika te kan vorm.... My ondervinding is dat waar die Engelse kans gekry het om die gevoelens van die Suid-Afrikaner seer te maak, dit 'n plesier vir hulle was.....

OORLOG

„Toe was daar 'n tyd gelede sprake van 'n oorlog teen Duits-Suidwes..... Ek kon nie sien waarom ons jong Afrikaners sou veg om die eer van Engeland op te hou nie. As ons dink aan Slagtersnek, Bloedrivier.... die moord op Retief..... 30,000 vrouens en kinders wat vermoor is..... sien ek nie waarom ek Engeland se eer sou ophou nie en ek daag enige man uit om met die vinger op my te wys en te sê: ‚Jy het 'n fout gemaak'."

OOP OË

Komdt. Fourie het hom hoër opgelig en met nadruk gesê:

„Wat ek gedoen het, het ek met oop oë en 'n vrye oortuiging gedoen. Ek self is vandag nog oortuig dat daar genoeg mense in die veld is om Suid-Afrika te red..... Ek kan nie vals wees nie. Ek kon dit nooit in my lewe wees nie en God sal my bewaar dat ek dit ooit word. My dade is altyd deur my hart voorgeskryf.

„Ek is nie van plan om vir die hof om genade te vra nie—genade van God wat my gelei het, was genoeg."

GENL. SMUTS

Deputasies is gevorm om te probeer voorkom dat die doodvonnis uitgevoer word. Ons haal aan uit „So Het Hulle Gesterf." „Hulle (die deputasie) het verneem dat generaal Smuts nie meer in Pretoria was nie maar op sy plaas op Irene..... Toe die deputasie op die plaas van genl. Smuts gekom het, is hulle deur een van die vroulike bediendes meegedeel dat die generaal gaan wandel het en dat hulle nie geweet het waar hy was en wanneer hy terug sal kom nie. Die deputasie het besluit om te wag. **Nadat hulle ongeveer 'n halfuur gesit het, het 'n motor agter die huis aangery gekom en 'n oomblik later het die deputasie 'n mededeling ontvang dat die generaal haastig na Pretoria ontbied is....."**

EERS 10-UUR

Intussen is die doodvonnis bekragtig. Luitenant Esselen (wat onderneem het om die petisies aan genl. Smuts te gee) het daarin geslaag om per telefoon met genl. Smuts in verbinding te kom. **„Die Minister het geantwoord dat die petisies die volgende oggend (Sondag) om 10-uur aan hom oorhandig kon word. Die volgende oggend was dit nie meer nodig nie, die doodvonnis was al voltrek."**

Jopie Fourie het gesterf met 'n Afrikanerkoeël uit 'n Afrikanerroer. Maar die koeël dra 'n boodskap wat sal voortleef in elke Afrikanerhart.

Teenstander Van De Valera Het Verband Met S.A.

Die onbestrede leierskap van Eamon de Valera in Ierland word tans bedreig deur die opkoms van 'n nuwe leier, Sean McBride, wie se vader tydens die Tweede Vryheidsoorlog aan die kant van die Boere teen Brittanje geveg het. Hy is die leier van die Republikeinse Party wat sterk sosialisties geneig is.

Waarnemers spreek die mening uit dat De Valera met die aanstaande verkiesing sy sokkies sal moet optrek as hy die paal wil haal. Tydens tussenverkiesings onlangs het Sean McBride se party twee setels op De Valera verower.

Hierdie nuwe Ierse leier het 'n band met Suid-Afrika. Sy vader, John McBride, was diep teleurgesteld na die Parnellskeuring en het sy vaderland verlaat. Met die uitbreek van die Engelse oorlog bevind hy hom in Transvaal waar hy 'n genaturaliseerde burger geword het. Met die uitbreek van die oorlog het hy 'n Ierse Brigade georganiseer en dwarsdeur die oorlog geveg. Sy dapper dienste aan die Republiek is passend erken met die beeindiging van die Tweede Vryheidsoorlog toe hy pres. Kruger in Frankryk besoek het as afgevaardigde van die Transvaalse Ierse komitee. Pres. Kruger het 'n vlag van die Ierse Brigade met die spreuk:

„Dit is beter om te veg en te verloor, as om gladnie te veg nie" aan hom oorhandig.

TEREGGESTEL

As voormalige leier van die Ierse Republikeinse leër en sy leidende aandeel in die Paas-opstand van 1916, het die Engelse hom egter ingewag toe hy na sy vaderland teruggekeer het. John McBride is saam met 36 ander Republikeine in 1916 voor die hof gedaag. Drie van hulle is skuldig bevind. Twee se vonnisse is versag tot lewenslange straf terwyl die doodvonnis op John McBride voltrek is.

Sean McBride, wie se vrou die dogter van 'n rebel is, het nog nie sy party se program volledig uiteengesit nie. Maar hy en die Arbeidersparty gaan saam De Valera se party beveg by die aanstaande verkiesing. Hy beskuldig De Valera daar van dat hy reeds lank die leisels in sy hande het en baie min vir Ierland gedoen het. De Valera is reeds 15 jaar lank staatshoof.

Holm, Pienaar En Strauss Se Appèl Verwerp

Die appèl van Sidney Erich Holm, Michael Johannes Pienaar en Jan Adriaan Strauss teen hul vonnisse wat opgelê is op grond van 'n aanklag van hoogverraad, is verlede Donderdag deur die Appèlhof in Bloemfontein verwerp. Die hof het die vonnisse van 10 jaar, drie jaar en drie jaar harde arbeid onderskeidelik, bekragtig.

Die aanklag teen die veroordeeldes spruit uit beweerde deelname aan radio-uitsendings vanaf Duitsland tydens die oorlogsjare.

Die appèl is ingestel op grond van die vraag of die spesiale hof die reg het om Unie-burgers te verhoor vir dade wat hulle buite die grense van die Unie gepleeg het. Die hof het 'n positiewe antwoord hierop gelewer.

JONG BRITTE LÊ SPOORLYN VIR STALIN

'n Kommunistiese spoorweg wat 'n strategiese verbinding bewerkstellig dwarsdeur Joegoslawië na die Adriatiese See, is so pas voltooi deur jong kommuniste uit alle dele van die wêreld. Onder andere het meer as 400 jong Britte, hoofsaaklik studente, daaraan gehelp werk binne die sogenaamde „Britse Brigade". Omtrent een-derde van hulle was meisies.

Die lyn strek van Samac tot die spoorwegknoop Sarajevo, waardeur 'n regstreekse spoorwegverbinding tussen Roemenië en die Adriatiese See tot stand gebring is, wat in oorlogstyd van onskatbare waarde vir Sowjet-magte sal wees in hul stormloop na die Middellandse See.

TEKEN REGSTREEKS OP „DIE O.B." IN

Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie l.l. verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10s. per jaar (vooruitbetaalbaar) op „Die O.B." in.

VUL ASSEBLIEF HIER IN

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B." deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., **vooruitbetaalbaar** is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B." aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van.....

vir.....jaar/e se intekengeld.

Naam: .....

Posadres: .....

.....

.....

....

Datum Handtekening

WERKERS BEROOF „SPIVS" VAN HUL JAKKALS

Groot verontwaardiging het verlede week losgebreek onder 'n groep werkers en wetenskaplikes in 'n vuurpylfabriek in Brittanje toe hulle ewe skielik versteur is deur 'n lawaai van 'n klomp honde en die jaghoring van 'n paar Britte op perde wat besig was om hulle te vermaak met die agtervolging van 'n jakkals — gewoonlik gevange jakkalse wat losgelaat word vir die pret om hulle weer te vang.

Die werkers het woedend uitgestorm en onder uitroepe van „spivs" en „drones" het hulle die jakkals vankant gemaak en gevat. Die jagters, in hul helderkleurige baadjies, het aangedring op die uitlewering van die jakkals, maar moes wyk toe die opsigters wou weet hoe hulle binne die stewige omheining gekom het. Hulle het erken dat hulle deur 'n „opening" in die draad gekom het.

Die Engelse publiek is ook baie verontwaardig oor die feit dat petrolbeamptes petrol toestaan aan Britse adelikes om met hul motors na hul jagvelde te ry, terwyl in sommige gevalle petrol geweier word aan leweransiers van noodsaaklike lewensmiddele.

Amerika sal Lande onder Kommuniste Nie help

Amerika het besluit om geen finansiële hulp aan Europese lande wat onder beheer van Rusland of die Kommunistiese Party staan, te gee nie.

Hierdie besluit is geneem deur die Huis van Verteenwoordigers wat die beslissing met groot meerderheid aanvaar het. Verder is ook bepaal dat persone wat met die distribusie van die geld behulpsaam sal wees, verklarings moet aflê dat hulle nie Kommuniste is nie.

BLOEDRIVIER-MONUMENT GISTER ONTHUL

Die Bloedrivier-monument is gister, nege jaar nadat die hoeksteen in 1938 gelê is, by bloedrivier onthul. Afrikaners uit alle dele van die land het hier in die gees van die Eeufeesjaar saamgedrom om hulde te bring aan die stoere voorgeslag wat die toekoms van ons volk op hierdie gedenkwaardige plek verdedig het.

Tonele wat herinner aan dié van 1938 het in die laer tydens die feesvierings afgespeel.

Verlede week het die verrigtinge in Kaapstad begin toe die Kaaplandse Voortrekkers begin het met 'n fakkelloop vanaf die standbeeld van Jan van Riebeeck. Dit is aangesteek deur dr. J. de V. Heese, hoofsekretaris van die Voortrekkers. Fakkellope het ook vanaf Bloemfontein, Pretoria en Pietermaritzburg begin. Hulle het mekaar Saterdag by Buffelsrivierbrug ontmoet en al op die spore van Pretorius se wenkommando tot by Bloedrivier gehardloop.

New York Na Rand In 44 Uur

Die vliegrekord tussen New York en die Rand is geslaan toe 'n vliegtuig van die Pan American Airways die afstand in 43 uur 34 minute afgelê het. Die vorige rekord was 49 uur.

Die vliegtuig was altesaam 35 uur 27 minute in die lug.

Sal Die V.P. Steun

Die Suid-Afrikaanse Party (voorheen Dominion Party) is bereid om 'n verkiesingsooreenkoms met die Verenigde Party aan te gaan by die algemene verkiesing in kiesafdelings waar daar driehoekgevegte mag ontstaan wat miskien 'n oorwinning vir die Nasionale Party in die hand kan werk, volgens verklaring van die party se hoofbestuur.

Grondwet Sal Hersien Word

Die Groot veranderinge wat daar gedurende die afgelope jare in die Unie plaasgevind het, maak dit noodsaaklik dat die grondwet van die Unie hersien word sodat dit kan aanpas by die moderne behoeftes, het veldm. Smuts verlede week in Pretoria verklaar. Hy glo egter dat die volk van Suid-Afrika die provinsiale stelsel wil behou.

Die finansiële verhoudings tussen die sentrale en plaaslike regerings het so verander dat daar ernstige probleme opdoem wat opgelos moet word. Spesiale aandag sal bestee word aan die verhoudings tussen die sentrale regering en die provinsiale owerheid. Hy meen egter nie dat 'n Tweede Nasionale Konfensie nodig is om die saak aan te pak nie, aangesien daar al talle kommissies op die saak ingegaan het.

Kommuniste Verloor In Oostenryk

Die Kommuniste het 'n groot neerlaag gely in die landswye verkiesing wat die afgelope week in Oostenryk gehou is. Volgens 'n verklaring van die Sosialistiese Party het die party 75.85 persent van die poste verower teenoor die Kommuniste se 12.25 persent. Die Oostenrykse Party het 3.18 persent verkry.

Groot Gesinne In Kamers

Die behuisingsnood in Kaapstad is die afgelope paar dae weer geïllustreer toe die geval van 'n egpaar met drie kinders wat saam met twee ander gesinne in 'n huis van drie kamers woon, onder die aandag van die huurkontroleur gekom het. Die gesin het in een van die drie kamers van die huis gewoon. Hulle het eindelik 'n huis gekry.

'n Ander aansoek wat behandel is, is dié van 'n gesin van sewe — twee ouers en vyf kinders — wat in een vertrek gewoon het. Hulle het ook 'n huis gekry.

By dieselfde geleentheid het die huurkontroleur aangekondig dat hy 'n huis aan 'n oudsoldaat en sy gesin, wat geen verblyf gehad het en genoodsaak was om vier nagte in die wagkamer van die Kaapstadse stasie te slaap, toegeken het.

Britte se Swart Oorlogserfenis

Daar is tans 10,000 buite-egtelike kleurlingkinders met Britse moeders en neger vaders in Brittanje. Omdat die moeders nie kans sien om in die openbare lewe met hierdie bastertjies te verskyn nie, het die Neger-welsynsvereniging van Londen die Britse minister van binnelandse sake versoek dat die helfte van hierdie onwelkome erfenis na Amerika gestuur moet word.

Die plan is om hierdie uitgeworpenes in die negergemeenskap in Amerika te laat opneem. 'n Spesiale passasiersboot is vir hierdie doel gekry. Dokters en verpleegsters sal die neger-Britjies op die reis bystaan. Vir die ander helfte moet maar eers in Brittanje gesorg word. Hulle sal in welsynsinrigtings geplaas word omdat die moeders te jonk en onbevoeg is om vir hulle te sorg. Weens die kleurskeidslyn wil die Britte ook nie hierdie bastertjies aanneem as kinders nie.

Die babas wissel van ouderdomme tussen twaalf maande en vyf jaar en is die kinders van Britse meisies en negertroepe wat gedurende die oorlog in Brittanje gestasioneer was.

A.P.-Tak Op Carnarvon Gestig

Op 21 November is daar 'n tak van die Afrikanerparty op Carnarvon gestig. Die bestuur bestaan uit die volgende persone: voorsitter, mnr. J. S. R. de Villiers; onder-voorsitter, mnr. S. J. Latsky; sekretaresse, mev. M. S. Riedemann; en asst.-sekretaresse, mev. C. S. van der Merwe.

Tot bestuurslede is verkies mnre. J. P. Jacobs, Kalkkuile; Gert Cloete, Stuurmanspoort; en D. P. Malan van Libertas.

Die inskrywing van die lede gaan voort en verwag word dat teen die einde van die maand die ledetal op 120 stemgeregtigdes te staan sal kom. (Meegedeel).

Staal In Duitsland

Die staalproduksie van Duitsland wat dubbel soveel is, as aanvanklik beoog, sal voortaan op 11,500,000 ton per jaar te staan kom, volgens 'n besluit van die vier ministers van buitelandse sake in Londen.

Ope Brief aan Uniale Raad van B.O. en P.G.

Kamerade,

Die aankondiging dat julle besluit het om ons vervolging vir die nageslag te boekstaaf is die beste aankondiging vir 'n lang tyd. Nie alleen ons vervolging nie, maar ook ons lewe daar en ons versorging, (nie die verpligte versorging van ons owerheid nie, maar daardie versorging deur volksgenote wat 'n gevoel gehad het vir hul landgenote en op 'n Samaritaanskap-manier 'n gevoel gehad het vir ons en ons vrouens en kinders). Ons vrouens en kinders het saam met ons die stryd teen die Bose gestry.

Waaroor ek persoonlik die blyste voel is dat julle daardie Immelman-Boervrou en niggie van Koffiefontein vereer het met 'n ere-lidmaatskap van ons bond. Ek het haar in Januarie vanjaar aan haar huis besoek en gaan haar weer in Januarie 1948 op Koffiefontein besoek. Ek stel voor dat haar portret 'n ereplek in ons boek sal toegeken word, en dat in 'n aparte hoofstukkie aan die nageslag sal geboekstaaf word, wat sy vir ons — vir haar volk gedoen het! Sulke heldinne soos sy was, is daar moontlik ook onder ons eie gesinne, maar dit sal onbeskeie wees van ons om oor ons eie te praat. **„Tant Lenie" is ons Heldin!** Sy het ongevraag haarself opgeoffer in diens van haar volk.

Ek sou baie meer wou sê, maar genoeg om te weet dat ek bly voel en my volle steun aan die onderneming toesê. Mag julle ondernemings slaag. Mag die boek die nageslag inlig en selfs dié volksgenote vertel wat tot nog toe moontlik doelbewus in die duister gehou is wat hulle graag sou wou weet? Mag die boek ook menige kat uit die sak laat en sekere onversoenbare elemente se verswygingsmetodes eens en vir altyd die kop inslaan, en daarmee en terselfdertyd die **hele volk** tot 'n blywende **Eenheid** inspireer! **Verdeel en Heers** moet ook onder ons eie Afrikanerdom die dood sterf! Mag dit so wees?

„OOM GHANDI"

Nr. 2089/42.
(Koffiefontein).

Russe se Sterk Duikbootvloot

John Sullivan, Minister van vlootsake, het pres. Harry Truman se kommissie insake lugvaartbeleid meegedeel dat Rusland tans vier keer soveel duikbote het as wat die Duitsers aan die begin van die slag om die Atlantiese Oseaan gehad het.

Hy het gesê dat die Sowjet se ondersese vloot versterk is met duikbote wat van die Duitse vloot gebuit en toegerus is met lugtoestelle wat hulle in staat stel om lank onder die water te bly.

Die Russe beheer vier Duitse duikboot-werwe en gebruik Duitse planne en tegnici, het hy gesê.

Lenings Nou Boomskraap

Die aankondiging van Amerika dat die res van die lening aan Brittanje ontvries is, was nog nie koud nie, of Brittanje het al weer lang happe uit die lening begin byt. £25,000,000 is getrek. Daar is dus nou nog net £75 miljoen van die Amerikaanse lening oor. Daar is ook nog net £79 miljoen van die Kanadese lening oor.

Smutsbeleid:

KWAAI WOORDE — MAK DADE

Veldm. J. C. Smuts het sy party se naturellebeleid verlede week opgehelder toe hy die kongres van die Transvaalse Verenigde Party in Pretoria toegespreek het. Hy het ook op die gevaar van die Kommunisme gewys.

„Ons staan vir die leierskap van die blanke ras in Suid-Afrika, en niemand sal dit betwis nie. Sommige van ons mense sê dat opgevoede naturelle op een of ander tyd in die toekoms na die parlement moet gaan. Dis is 'n private opinie wat mense daarop nahou, maar dit is nie die beleid van ons party nie", het hy verklaar.

Hy het voortgaande verwys na die kommunistiese gevaar. **Dit is 'n geloof en nie net 'n politieke leer nie.** As die versterking padgee en kommunisme versprei oor Afrika, watter verwoesting sal dit nie in ons land saai nie? Wat sal gebeur as die vloed Europa en Afrika bedek? Dit is 'n polisiestelsel en laat geen vryheid toe nie, het spr. gesê.

SY DADE

Onderwyl genl. Smuts sy gehoor wil laat sidder vir die kommunistiese „vloedgolf", laat hy toe dat sy spoorwegwinkels die kommunistiese blaaie verkoop, hoewel Die O.B. daar verbied is „weens die regering se houding teenoor die Ossewabrandwag" — 'n houding wat ontstaan het deur dat die Ossewabrandwag nie wou toelaat dat „die versperring padgee" tussen Moskou en Wes-Europa nie.

Het Steeds Kommando Gekies

Hoofkommandant Harry Norris van Brakpan is tans na baie jare getroue diens in die O.B., rustend omdat sy gesondheidstoestand dermate versleg het



dat hy nie meer so aktief soos in die verlede kan optree nie.

In die Drie-jarige Oorlog was hy nog 'n skoolseun en het hy eers brûe waaroor die Engelse verkeer moes beweeg, opgeblaas. Toe dit vir hom onmoontlik geword het om verder sy deel op hierdie wyse by te dra, het hy by die kommando's aangesluit.

Met die ontstaan van die Rebellie in 1914 was hfkomdt. Norris weer op die voorpunt en het hy in die gevangenis beland.

In 1922, tydens die groot staking het hfkomdt. Norris sy plek ingeneem tussen die werkers en nogeens is hy opgesluit.

Op politieke gebied het hy altyd hard geveg vir die Nasionale Party en met die ontstaan van die O.B. het hy weer by die kommando's ingeskakel.

Hoewel hy 'n mynteringlyer is, het hy met 'n diepe besef van pligsgetrouheid sy plek in die O.B. volgestaan.

Hfkomdt. Norris se eerste trou is en bly die Ossewabrandwag. (Korr.).



MANSHORLOSIES
Vanaf 12/6
DAMESHORLOSIES
Vanaf 25/-
VULPENNE, Conway Stewart ... Vanaf 14/6
Ek het ook **PARKER-** en **SCHAEFER-PENNE** en **-POTLODE** in voorraad.
SWITSERSE VELOX-SKEERLEMMETJIES, per pakkie van 10, 1/6.
Deskundige Herstelwerk aan Horlosies.

H. J. Steyn
DE VILLIERSSTRAAT 17
VASCO

DIE O.B., WOENSDAG, 17 DESEMBER 1947

OP DIE BRUG NA 1948

Dit is met 'n gevoel van dankbaarheid, gemeng met kommer, dat ons die brug oorstap na die nuwe jaar. Vir die Ossewabrandwag sowel as ons volk was daar ligpunte in die afgelope jaar wat dui op beter verwagtings, maar daar is ook skaduwees wat val oor ons land. Wat ons Beweging betref, het ons vir die eerste maal in ses jaar uit die woud van afsondering getree. Ons is nie meer die Aspoester van die oorlogsjare nie, maar ons verskyn in geselskap van mense wat begrip toon vir die opregtheid van ons strewe, en in die politieke pers word daar belangstelling getoon vir ons doen en late. Dit is dus met groter selfvertroue dat ons die toekoms tegemoet kan gaan.

Nogtans hang daar oor ons hoofde die wraaksug van 'n bewind wat deur die geskiedenis in die ongelyk gestel is en tans in iesegrimmige venyn homself wil regverdig deur die uitdelging van die gehandhaafde. **Ons weet nie hoe ver hy dit gaan dryf nie, maar wat ons wel weet is dat die Ossewabrandwag 'n roeping het en dat enige verdere aanslae op hom slegs die middel sal wees om hom te staal of om vir hom die pad oop te maak na daardie roeping.**

SLAGGEREED

Die afgelope jaar het ook nuwe hoop vir ons volk gebring. Toe ons nege jaar gelede in onstuimige selfvertroue by Monumentkoppie vergader het, het ons gemeen dat ons die finale fase van ons onafhanklikheidstryd tegemoet tree. Binne die Ossewabrandwag het ons volk hom gereed gemaak om die laaste greep van Britse imperialisme oop te breek. Dit was ons egter nog nie beskore nie. Ons het toegelaat dat die haarlokke van ons krag geknip word en soos die blinde Simson het ons vir die vyand gespeel, al die jare. **Daar was egter in die jongste tyd aanduidings dat ons hare weer begin groei het. Ons volk het nader beweeg na sy leuse Eendrag maak Mag.** Laat ons bid dat die gees van eendrag in die jaar wat voorlê ons so sal vasgryp dat geen vyand of Brutus ons weer met die dolk van verdeeldheid sal tref nie.

TOEPLOEGING

Ook vir ons volk skemer daar dus nuwe hoop, maar ook dreigende gevare. **Die Empire, wat op wankelende bene staan, probeer om nou in die laaste ronde Afrikanernasionalisme 'n uitklophou te gee. Na al sy stryd en weë staan ons volk nou op die punt om toegeploeg te word.** Skip na skip bring die getalle aan om ons toe te gooi, en ons merk al hoe die vyand met 'n duiwelse openhartigheid sameswerings teen ons land en volk aankondig wat 'n paar jaar gelede nie eens gefluister sou word nie.

Maar hierteenoor kan ons konstateer dat die Engelssprekende in die jongste tyd 'n duidelike neiging toon om Suid-Afrikaans te begin dink. Die Empire en sy handlangers mag dus wik en werk om Afrikaanse nasionalisme toe te ploeg, maar dit mag uiteindelik tog beskik word teen hul wil.

Maar hierin, soos in alles wat voorlê, is in die eerste plaas nodig dat ons volk sy waardigheid sal handhaaf. **„Die waardigheid is meer as 'n armee", het wyle genl. Hertzog gesê, en indien ons volk in die jaar wat voorlê kan terugkeer tot sy waardigheid en die kleinsielige krakele van die afgelope jare staak, behoort ons die jaar 1948 in te gaan met moed en selfvertroue.**

Slegs 'n Dekmantel

Genl. Smuts het aan sy Transvaalse kongres weereens vertel in hoe 'n groot gevaar Suid-Afrika en die wêreld verkeer weens die oormag van die „Russiese kolos" met sy veroweringsgeloof. Hy doen dit om sy verbintenisse teenoor Brittanje wat feitlik neerkom op die uitlewering van Suid-Afrika as 'n oorlogsbasis, te regverdig. Want as die wal breek, wag op Suid-Afrika die grootste ellende, so beduie genl. Smuts.

Ses jaar lank het genl. Smuts Suid-Afrika se mannekrag opgeroep om die enigste sterk wal tussen Europa en die „Russiese kolos" te vernietig. Ses jaar lank het die Ossewabrandwag in kampe en tronke moes boet omdat hy teen hierdie dwaasheid gewaarsku het, en nog steeds is genl. Smuts se speurders en prokureurs-generaal besig om sake voor te berei teen die Ossewabrandwag weens die standpunt wat hy ingeneem het.

En nou, na soveel jaar begin genl. Smuts ook te praat van 'n wal wat kan breek. Ons sien nou geen dergelike wal nie, behalwe insover Amerika nog 'n wal kan opwerp. **Maar in Suid-Afrika is daar 'n vyfdekolonne van Moskou agter enige moontlike wal wat opgewerp kan word. Nogtans laat die regering hulle toe om hulself al dieper en dieper in ons ingewikkelde samelewing in te grawe. Hul propaganda word teen 'n geringe kommissie deur die regering op sy spoorwegstasies versprei. Dit is glo terwille van die demokratiese beginsels waarop die regering staan.**

Maar die Ossewabrandwag, wat dwarsdeur die oorlog hom nooit geheel-en-al met enige vreemde ideologie vereenselwig het nie en wat gegroei het uit die bodem van ons land, is 'n vernietigingsoorlog deur die Smutsbewind aangesê. **Sy lede word nog steeds uit die staaatsdiens geweer en sy blad mag nie op die Spoorweë verkoop word nie, want die**

(Vervolg in volgende kolom)

In Frankryk Vandag

De Gaulle se Beweging Vir O.B. Nie Vreemd

De Gaulle se ster het aan die hemele verskyn.

Daar is seker geen land ter wêreld en weinige koerante en tydskrifte wat nie van hierdie kentering in Frankryk melding maak en dit met argwaan, twyfel, geesdrif of blote nuuskierigheid betrag nie. Die stugge, onbuigsame, taklose De Gaulle van die oorlogsjare is besig om ten spyte van sy flaters en gebreke, aan die mag te kom.

Deur „Toeskouer"

Die toeskouers binne en buite Frankryk, gedagtig aan watter historiese rol die Franse leiers van die verlede in die wêreld gespeel het vra mekaar af: hoe doen hy dit en waarheen gaan hy? Intussen het die held van dié drama homself deur middel van sy organisasie „Rassemblement du peuple francaise", wat miskien met „Mobilisasie van Franse Volkskragte" vertaal kan word, van die grootste enkele groep in die Franse politieke wêreld meester gemaak. Die pas afgelope munisipale verkiesings in Frankryk het dit op sensasiewekkende wyse bewys. Deur die landswye stakings wat deur die kommuniste uitgeroep is het hulle erken dat hulle voor hulle grootste politieke teenstander te staan kom.

Wat is die geheim van genl. De Gaulle, agter die stale voorkome van die figuur op die voorblaaie? Uit die vastelandse berigte kom broksgewys die oplossing van die raaisel. **Veral vir diegene wat die O.B.-rigting soos dit stap vir stap deur dr. Hans van Rensburg ontplooi word volg, sal dit interessant wees om uit die beskikbare bronne die onderstaande te verneem.**

MASSAS NA DE GAULLE

Op 7 April van hierdie jaar het genl. De Gaulle sy organisasie amptelik in die lewe geroep en in die onlangse verkiesing het hierdie groep veertig persent van alle stemme wat uitgebring is op homself verenig. **Nog meer, dis juis die grootste Franse stede wat die juk van die Russiese politieke slawerny van hulle afgewerp en aan De Gaulle volslae meerderhede bo alle ander partye gegee het.** In die hart van Parys, Lyon, Marseille het De Gaulle sy vaandels geplant en die steun van die massas verkry — dieselfde skares wat die Franse Revolusie sy geskiedkundige pad laat baan het en wat aan Napoleon die militêre glorie van 'n tydperk geskenk het.

Die proletariaat drom saam— dog nie om die hamer-en-sekelbaniere van Stalin, soos nog gister die tendens was nie.

BEWEGING I.P.V. PARTY

Die De Gaulle-organisasie, so sê sy voorstanders voortdurend en uitdruklik, is geen party nie, dog 'n beweging (hoe bekend is die woorde! — skrywer). De Gaulle lê hom nie daarop toe om die parlementêre leiers nader te trek nie. Reeds gedurende sy verblyf in Londen het hy hulle koel ontvang en op 'n afstand gehou, hoewel daar nietemin diegene onder hulle is wat hul by hom voeg. Hy wil nie soseer die parlement verower nie as die land self, „le pays reël", soos die Franse dit stel.

De Gaulle se strewe is dan ook nie slegs om die leier van 'n party te wees of aan die hoof van 'n wankelende koalisie te staan nie, dog hy mik daarop om veral die aanvoerder van 'n beweging te wees wat kan gedy tot 'n werktuig ter verowering en herskepping van die staat, 'n hegsaamgesnoerde en doeltreffende instrument, soos buite sy geledere slegs die kommuniste dit ken.

Aldus berig die Vastelandse waarnemers aangaande genl. De Gaulle. Vir alle Suid-Afrikaners behalwe die oningeligtes of hardhorendes is hierdie gedagtes nie onbekend nie.

JEUG EN TRADISIE

Voorts word berig dat onder die vleuels van De Gaulle saamgevoeg word die ou konserwatiewe groepe met sy afkeer van kommunisme en die dinamiek van die Franse soldatedom, van die ontwortelde uit alle dele van die samelewing en van diegene wat na 'n nasionale weergeboorte uitsien. **Die strominge is m.a.w. diselfde as wat agter die ou Maarskalk Petain saamgevloei het, met dié verskil egter dat De Gaulle nie die las van 'n Duitse besettingsmag het wie se dade as veroweraars hy teenoor sy eie mense as die oorwonnenes moet verskoon en verdedig nie.**

Inteendeel. Die invallende troepe van die dreigende en hierdie keer kommunistiese inval op alle gebiede kan en moet hy namens die vernederde Franse wat hul land weer 'n herrysenis wil voorberei en juis daarom aan De Gaulle hulle vertroue skenk, op alle gebiede beveg. Daartoe is Frankryk besig om homself onder die vaandels van De Gaulle saam te skaar.

KRAG, NIE GETALLE NIE

Die organisasievorm wat De Gaulle aanwend is dus dié wat op 'n volkstryd gerig is. Die hegtheid, die vertroubaarheid van sy aaneenskakeling van afdelings, hul aksievaardigheid, hul beproefde moed word veel hoër geskat as die aantal stemme wat hul verteenwoordig. Verontrustend is dit, verklaar waarnemers, dat aldus die ou party van weleer verdwyn en in hul plek kom daar te staan die strydbewegings van links en regs, van Stalin en De Gaulle. **Die Verkrummelende oorblyfsels van die ou partye word tot poeier gemaal tussen die magte wat nou opruk om Frankryk te verower.**

Merkwaardig is dit dan ook seker nie dat die huidige medewerkers van De Gaulle uit die oorlogsjare staan: Soutelle, hoof van die Gaullistiese geheime polisie uit die Londense tydperk van ballingskap en ondergrondse afweer in Frankryk self, Malraux, eertydse kommandant in die Franse Geheime Leër tydens die Duitse besettingstydperk en talle andere. Hulle is nie juis politici in die tipiese sin van die woord nie, dog veel eerder leiers van die afdelings van De Gaulle, erfgename van die mantel van die Weerstandsbeweging waaraan hulle so 'n groot aandeel gehad het.

VERREIKENDE INVLOED

Die beweging van De Gaulle is tot 'n groot mate in 'n waas van romantiese skemering gehul, behalwe vir enkele uitstaande persone van wie hul trou teenoor De Gaulle bekend skyn te wees is min aangaande die inwendige organisasie van die beweging bekend. Wel is egter bekend dat talryke hoë amptenare tans in die diens van die staat reeds die voorhoede vorm van wat al die „Vyfde Republiek" genoem word. Daar is, so word beweer, Cortroux, Franse gesant in Moskou, Bonnet in Washington, talryke generaals, goewerneurs van besette gebiede, hoë amptenare van die staat wat hul ten gunste van De Gaulle verklaar.

As in aanmerking geneem word dat De Gaulle hom steeds ten gunste van 'n staatsvorm met 'n sterk uitvoerende gesag, onbelemmerd deur die ondermynende bedrywighede van talle wisselvallige partye uitgelaat het, dan is dit nie onbegryplik nie dat 'n bekende Fransman in 'n radiorede gewag gemaak het van:—

„Die swaar wenkbroue bo die oë van staal. Slegs die haarlok oor die voorhoof ontbreek."

WERKTUIG VAN DIE GESKIEDENIS?

Sedert vredesluiting het De Gaulle reeds ver ontwikkel. Sy Russiese vriende van vroeër het hy in 'n ander gedaante leer ken. Sy beleid is gesuiwer en het inhoud gekry. Van hom word gesê dat hy hom tydig op die kruispaaie stel waar die geskiedenis verby moet gaan. **Vir die Ossewabrandwag sal hierdie beliggaming van die Franse wil tot herrysenis nie onbekend voorkom nie, of sy welslae vreemd nie.**

(Vervolg van voorgaande kol.)

regering se houding teenoor hom, belet hom daardie demokratiese reg.

Daarom wil ons weet wat genl. Smuts bedoel het om te praat van 'n kommunistiese gevaar en 'n wal daarteen. **Solank sy dade sy woorde so treffend weerspreek, sien ons bybedoelings in sy beweegredes, en kan ons nie anders as om te glo dat hy die dekmantel van kommunisme wil gebruik om Britse Imperialisme op Suid-Afrika vir altyd te verstewig nie.**

Wat Duitsland Vervaardig

Buigbare en onbreekbare grammofoonplate word tans deur die Duitsers naby Stollberg in die Russies-besette deel van Duitsland vervaardig. Om dit meer aantreklik te maak is die plate in verskillende kleure verkrygbaar. Dit kan duisend maal gespeel word voordat dit tekens van ouderdom begin toon en is in hierdie opsig 'n groot verbetering op bestaande plate.

Die Thurlin-Horlosie-maatskappy in Ruhl maak maandeliks 10,000 sak- en armhorlosies. Die helfte hiervan gaan egter na Rusland as herstelbetalings.

RYKSBANDE OM S.A. WORD STYWER GETREK

Volgende op die militêre samesprekings wat veldm. J. C. Smuts met die opperbevelhebber van die Britse leërmagte, veldm. Montgomery, gehad het, is belangrike vlootbasisverskuiwings aangekondig waarvolgens Brittanje nie soos in die verlede net Simonstad as vlootbasis sal gebruik nie, maar ook Durban aan die Ooskus, en Saldanhabaai aan die Weskus.

Hierdeur is Suid-Afrika kop en pootjies ingesleep by die verdedigingsplan van die Britse Ryk, en in geval van 'n Britse oorlog sal Suid-Afrika moet dien as afspringplek teen die Ooste om Britse belange te beskerm en om die Britse seeroete om Afrika te verdedig.

Veldm. Montgomery het nog skaars die stof van Suid-Afrika van sy voete geskud, of die Cape Times berig hierdie omwenteling met sy verregaande betekenis vir Suid-Afrika. Die vlooteenhede wat tans in Kaapstad gestasioneer is sal almal na Durban verplaas word en sal hul intrek neem in die vestings wat die Britse vloot tydens die oorlog in Durban en op Salisbury-eiland gebou het.

HOMSELF VERDEDIG

Die Britse vloot sal hom nou dieper ingrawe by Saldanhabaai, wat in tyd van oorlog die afspringplek vir alle vlootoperasies sal wees terwyl Durban die vooruitgeskuifde basis sal wees vanwaar geslaan sal word, skryf die blad.

Durban sal onder volle beheer van die Unie-vloot wees maar alle fasaliteite sal, in geval van oorlog, aan die Britse vloot beskikbaar gestel word. **Suid-Afrika sal egter vir sy eie verdediging sorg, volgens die blad.**

DURBAN

Tydens die oorlog toe die Middellandse See feitlik gesluit was vir Britse skeepvaart, het die Britse vloot begin om 'n basis by Saldanhabaai op te rig om te voorkom dat te veel skepe in die Kaapse hawe saamgetrek word.

Met die inkrimping van sy Ryk in die Ooste het Durban vir Brittanje baie belangrik geword en die regering het toegelaat dat Brittanje £2,000,000 bestee om die hawe te versterk en verdedigingswerke te bou. Militêre voorrade ter waarde van £12,000,000 word tans nog daar bewaar. Verskeie Britse vlootleiers, waaronder adm. R. Burnett, het onlangs by herhaling die militêre belangrikheid van Durban in geval van oorlog beklemtoon.

OORLOGSBASIS

Die omwenteling op internasionale gebied maak dit noodsaaklik dat Suid-Afrika hom nie afsydig kan hou van die Weste nie, **en hy is bereid om sy samewerking te verleen in enige Christelike bondgenootskap teen gemeenskaplike gevare, maar hy is nie bereid om dit te doen as 'n ondergeskikte oorlogsbasis van Groot-Brittanje nie.**

NIE MEER IMMIGRANTE UIT ITALIË

Die regering het besluit om nie voort te gaan met die grootskaalse invoer van immigrante uit Italië om op boereplase te kom werk nie. Die regering het soveel teenstand oor hierdie skema ondervind dat hy maar besluit het om die rem aan te draai, volgens veldm. Smuts in Pretoria aangekondig het.

Individuele aansoeke van immigrante wat gedurende die oorlog op plase gewerk het, sal nog oorweeg word, **maar geskoolde plaaswerkers sal nou eerder uit Wes- en Noord-Europese lande gewerf word.**

Britse Onderwysers

„Oom Paul se Seun", Rondebosch, skryf as volg in Engels:

Het ek julle Afrikaners nie vertel dat die volgende stap gemik sal wees teen die vestings van patriotisme nie? Toe ek gehoor het dat hulle vakmanne in Brittanje soek vir die verdedigingsmag, het ek geweet dat ons seuns beroof sal word van hul kanse in die lewe.

Maar nou raak dit ons kinders wat onderrig moet word deur onderwysers wat nie tweetalig is nie, wat niks van ons land en van ons tradisies weet nie omdat dit beweer word dat ons nie kan bekostig om ons eie onderwysers op te lei nie, of omdat die onderwysberoep nie beter betalend gemaak kan word nie.

Hoe is dit dan dat ons miljoene ponde het om aan Brittanje te bestee terwyl ons eie onderwysdepartement bankrot is? Word wakker Afrikaners, verdedig jul taal, julle tradisie en julle kinders!

Ek, wat twintig jaar lank in Engeland gewoon het en daar opgevoed is, kan die Afrikaners vertel dat die respek wat sommige persone vir Engeland koester nie geregverdig is nie en slegs gebou is op die propaganda van die Britse jingo's in jul midde.

As julle oorsee was soos ek, sal julle besef dat daar 'n komplot deur ons Quisling-regering gesmee word om ons land te ondermyn.

As julle nie die moed het om vir julle saak op te kom en sulke dinge te beveg nie, dan het julle reeds swak geword en verdien om die onderdane van 'n meer vasberade volk te word.

Weier om julle kinders deur vreemdelinge te laat onderrig. Weier om vreemdelinge ten koste van ons eie seuns in diens te neem. Moedig liewer ander immigrante aan om na Suid-Afrika te kom en 'n wal op te werp teen die Britte wie se planne veels te ver gevorder het.

STEL HUISE VAN GLAS IN VOORUITSIG

'n Nuwe boumateriaal, wat van roesvrye staal en glas gemaak is en wat so lig is dat dit op water kan dryf, is deur 'n groep wetenskaplikes in Amerika uitgevind.

Verskeie panele van die nuwe materiaal wat deur die kantoor vir tegniese dienste van die handelsdepartement verder ontwikkel is, is ten toon gestel.

Robert L. Davison, direkteur van die skema, het gesê dat die panele bestaan uit 'n kern van glas met 'n laag roesvrye staal buite-om. Die panele is twintig keer ligter as 'n ooreenstemmende stuk baksteenmuur.

Hoë geboue sal meer ekonomies van hierdie nuwe materiaal gebou kan word omdat hul ligte gewig nie die geweldige dwarsbalke vereis wat nodig is om messelwerk te ondersteun nie.

Groot besparing sal meegebring word omdat die dikte van die mure van wolkekrabbers van twaalf na vier duim verminder sal kan word, het Davison gesê.

Hy het daarop aanspraak gemaak dat die nuwe materiaal isolering teen hitte en koue sal verskaf en dat dit beter bestand teen vuur en wegvreting sal wees.

Soos Ons Lesers Dit Sien

WAARDERING VIR BLAD

Mnr. J. le Roux, Palestina, P.K. Vredefort, skryf:

Ek is bly dat u die intekengeld nou persoonlik gemaak het daar ek een van die eerste lede van die Ossewabrandwag was, het ek nog altyd op *Die O.B.* ingeteken. *Die O.B.* is my en my huisgesin se hele siel en wese. Ek wens die blad alle sukses en voorspoed toe vir die jare wat kom. Lank lewe ons K.G. en ons Beweging. (Mnr. Le Roux het sommer vir twee jaar ingeteken. — Red.).

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA
Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Is Medisyne Noodsaaklik
Die Natuurwetenskap sê nee!



Die Bron van Siekte
BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES
Met Verbasende Uitslae
GEEN MEDISYNE!
GEEN OEFENINGE!
Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE
Posbus 1336 — KAAPSTAD

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

Verseker u Toekoms
deur die Eienaar te word van
VASTE EIENDOM
★ BOUPERSELE
★ WOONHUISE
★ PLASE
★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON
Raadpleeg —
J. (Kotie) THERON
Posbus 78 Foon 0028
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG, STRAND

VIR PERSOONLIKE FRISHEID



KWV-
EAU de COLOGNE
Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.
4-47

DIT IS 'N SUID-AFRIKAANSE PRODUK



7,700,000
... ONS JAARLIKSE KORINGOPBRENGS

In die afgelope jare het die Unie se koringproduksie vinnig gestyg. In 1911 was die opbrengs 'n weinig meer as 180,000 ton. In 1939 het dit reeds 520,000 ton beloop. Tans word in 'n goeie jaar 'n bedrag van £7,700,000 aan koringboere uitbetaal.

VOLKSKAS het in die uitbouing van sy takstelsel, ook die ryk koringproduserende gebiede van die land in ag geneem sodat die Bank daar reeds goed verteenwoordig is.

Alle gebruiklike bankdienste word verstrek, insluitende lopende tjekrekenings, spaar- en beleggingsfasiliteite, en regstreekse oorsese (devise) transaksies deur sy eie agente en korrespondente in al die vernaamste dele van die wêreld.

Navrae word verwelkom.

HOOFKANTOOR: PRETORIA
LONDEN AGENTE: Lloyds Bank Limited
NEW YORK AGENTE: Chemical Bank and Trust Co.



VOLKSKAS BEPERK
ARBEIDSAAMHEID
BANKIERS
(Geregistreerde Handelsbank)

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

HUWELIK

ELLIS—DU TOIT. — Hiermee wil ons Etha, oudste dogter van mnr. en mev. Sias du Toit, Wyserdrift, Goudini-weg, en Hertzi, seun van mnr. en mev. Isak Ellis van Franschhoek, bekend-maak dat ons Saterdag 6 Desember, op Worcester getroud is. 17/12/1.

DE BEER—KERLING. — Hiermee maak ons, Karla, oudste dogter van mnr. en mev. K. J. Kerling, „Ams-vorde", P.K. Oberholzer, Tvl. en Thys, oudste seun van wyle mnr. en mev. S. J. de Beer, P.K. Welverdiend, Tvl. bekend dat ons die 3de Januarie 1948, te Pretoria in die huwelik bevestig word. 17/12/1B.

IN MEMORIAM

JUNGHANS. — In liefdevolle her-innering aan Hennie, heengegaan 24 Desember 1943. — **OOM en TANTE JUNGHANS.** 17/12/1.

THERON. — Met tere liefde en in-nige verlange dink ons terug aan 8 Desember, twee jaar gelede toe die verbysterende tyding ons bereik het van ons geliefde Killie wat so plotse-ling in die bloei van sy lewe heen-gegaan het. Hoe min het ons geweet die môre toe hy ons so vrolik groet, dat dit die laaste sal wees in hierdie lewe. Ons sien met verlange uit na die ontmoeting in die ander lewe.
Van Vader, Moeder en Compie.
17/12/1.

CHRISTIAAN MOCKE†

Ter Liefdevolle Nagedagtenis aan CHRISTIAAN MOCKE (KIEP). Heengegaan op 4 Januarie 1945.

Sy vriende was nie alleen onder die wel-gesteldes nie, maar ook onder die armes en behoeftiges. Want hy het 'n barmhartige en sagte hart besit.

Beaufort-Wes.
17/12/2B.

BENODIG

GESKOOLDE BLANKE WERKERS om behulpsaam te wees in ingenieurs-besigheid. Goeie vooruitsigte. **GEL-DENHUYS - INGENIEURSWERKE,** Wynnestraat 13, Parow. 26/11/4.

BOME, PLANTE EN SAAD

BESTE GESERTIFISEERDE GROEN-TESAAD.—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PRE-MIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

GROENTESAAD. — Detroit en Egip-tiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatlemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duur-der per ½lb. Handelsnavrae verwel-kom. — KARROO-SAADVERSPREI-DERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

LUSERN MEEL. — Koop by 'n Afrikaanse Firma wat net die beste voorsien:— Lusernmeel 9/- per 100 pd. tot 4 ton, daarna £8 10/- per ton. **GEBAALDE LUSERN:** £6 10/- per ton. Gelewer Koffiefonteinstasie. Stuur leë sakke vir Lusernmeel. — **MOUTFABRIEK & MEULE,** Koffie-fontein. 10/12/4B.

GEMENG

GRAFSTEENMAKERS. — Vir ge-waarborgde tevredenheid tree in ver-binding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Mait-land. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stoot-karretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

MEUBELS. — Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, k.m.b., te koop.
Raadpleeg: NIEK NEETHLING, Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl. 19/11/TK.

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS ALLERLEI — Waterspoel-rioolstel-sels, vloerteëls en gepolitoerde ter-razzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en net-heid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Carlstraat 574, Pre-toria. 3/12/TK.

HORLOSIEMAKER

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETO-RIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

PENMAATS

DUISENDE meisies en kêrels wil graag korrespondente hê. Streng ver-troulik. Stuur gefrankeerde koevert om gratis besonderhede aan:—**DIE POSDUIF - KORRESPONDENSIE-KLUB,** Posbus 5, Lothair. 10/12/4B.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai sout-werke. Bestel: KOMDTE. MEV. MAR-TIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

VRIENDE: Ek lewer sout in goeie graansakke—A1, 59/-; No. 1, 54/-; en No. 2, 49/- per ton. Tevredenheid gewaarborg en onmiddellike versen-ding.—**S. J. DE BEER,** Soutwerke, P.K. Florisbad. 5/11/TK

TE KOOP AANGEBIED

BELGIESE TAPYTE: G. K. G. bied aan pragtige Belgiese tapyte van uitstaande kwaliteit en vaste kleure. 5 vt. 7 dm. x 8 vt. 10¼ dm. £8/17/6. 6 vt. 6¾ dm. x 9 vt. 10 dm. £11/12/6. 7 vt. 10¾ dm. x 11 vt. 2 dm. £15/15/-. Kan besigtig word te **WYNNE-STRAAT 13, PAROW.** 26/11/6.

BRANDHOUT. — Wattle, 9 duim gesaag, 14/- per ton spoor Mollissima-sylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek.—**HENNIE MENTZ,** Privaatsak, Greyton, Natal. 3/12/3B.

LUSERN. — Koop u lusern direk van die produsent wie vir sy eie pro-dukte verantwoordelik is. Skryf of telegrafeer vir besonderhede en prys-opgawe — **N. WIENAND,** P.K. East Poort, K.P. 3/12/7.

LUSERN TE KOOP. — Nuwe sei-soense Eerstegraad lusern teen 5/9, goeie tweede graad 5/3 per 100 lb. K.M.B. V.O.S. Kirkwood. **J. H. STIEMIE,** Bus 46, Kirkwood, K.P. Foon 413. **Telegramme:** Stiemie. 10/12/3.

PANORAMA GEREGISTREERDE, swart, driekleur, **SKOTSE KOLLIE HONDJIES.** Ouers van die beste in Land. Goeie werkers met bees en skaap, gebore 6 Nov. 1947. Gereed vir versending. K.M.B. Prys, reun-tjies £6, Tefies £4.—**S. W. VORSTER,** Panorama Kennels, Spes Bona, Motkop, K.P. 17/12/2B.

Kerswense

Die Redaksie en personeel van Voor-slag (Edms.) Bpk.,
wens hul opregte Kersgroete oor te bring aan al ons lesers. Mag ook die Nuwejaar 'n skat van voorspoed vir u almal in die skoot hou.

Die Gebiedsleier en Personeel van Gebied A
wil graag alle offisiere en Brandwagte 'n geseënde en voorspoedige Nuwejaar toewens. Mag 1948 die verwesenliking van u strewe binne u bereik bring.

Met die Kersgety ons vriendelike meegevoel van kameraadskap. In die jaar wat voorlê ons vasberade en troue pligsgevoel teenoor die Beweging, sy K.G., offisiere en brandwagte, ons weekblad, die O.B., en ons Afrikaner-volk as geheel. Mag die gees die O.B. as volk besiel.
Die Kommandantskap D4a.

Die Vrouekommando van Kuilsrivier wens die K.G. en A.K.G. en alle offisiere en brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwjaar toe.

Kommandante Basson van Stellen-bosch wens die K.G., A.K.G., alle Offisiere en Brandwagte 'n geseënde jaar toe op die Partylose-Republikein-se Pad.
C. W. Basson, Komdte. A3b6.

Gods seën vir die Ossewabrandwag met Kersfees en Nuwejaar. Mag Hy-self leiding gee in die krisis-uur.
Hoofkommante H. S. Brink.

Offisiere en Brandwagte van Kom-mando B8a1., Heil! Waar ons in die afgelope jaar kalm dog fier voort marsjeer het en ons werke aanskou het, sê ek kom. . . . komaan tot groter dinge in die Baai in 1948. Met onwrikbare vertroue in ons K.G., en eer aan Hom wat ons so wonderlik rehabiliteer, wens ek u toe alles wat loflik is by Kersfees en die Nuwejaar. U kameraad,
F. W. Burnett, Komdt. B8a1.

Hiermee wens ons die K.G., A.K.G., H' Gnls, Generaals, alle offisiere en brandwagte met hul gesinne 'n baie geseënde Kersfees, en 'n gelukkige en voorspoedige Nuwejaar toe. **Komdt. en Komdte. D. Geldenhuys en gesin,** „Arbeidsgenot", Wynnestraat 13, Parow.

Innigste seënbedes vir Kersfees en baie geluk vir die Nuwejaar. Dank God en wees altyd bly vir die gawe van Bethlehems Kribbe. **Van Ouma Immelman,** p/a. Veldk. en Komdte. Theron, Sutherland.

Genl. W. R. Laubscher,
voorligtingsoffisier, wens alle offisiere en brandwagte 'n gelukkige Kersfees toe en baie voorspoed in die Nuwe-jaar.

Jeughoofkommandant en mevrou Ben Pienaar
wens alle Boerejeug en lede van die Ossewabrandwag 'n geseënde Kersfees en 'n beslissende 1948.

Korple. M. J. S. Reese, De Wet-straat 7, Worcester,
wens die K.G., dr. en mev. van Rens-burg, A.K.G. en mev. Smith, mede-Offisiere en Brandwagte 'n geseënde kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. Lank lewe die Ossewabrandwag.

Radloff — Wag-Generaal en Kapteine Radloff
wens die K.G., A.K.G. en alle offisiere en Brandwagte van die O.B., in be-sonder die wagafdeling, 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar toe.
Lank lewe die K.G.!

Familie Spies, Zululand,
ons wens ons geliefde K.G., A.K.G. en hulle huisgesinne, alle offisiere en brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige Nuwejaar toe. Mag die Heer ons K.G. bewaar en vir ons spaar.

Hoof-generaal en mev. Max Smuts van Franschhoek, wens alle lede van die Ossewabrandwag, vriende en be-kendes 'n geseënde Kersfees en voor-spoedige Nuwejaar toe.

Namens die Kommando's van Mal-mesbury, wens ek die K.G. en gesin, alle offisiere en brandwagte 'n geseën-de Kersfees en 'n gelukkige Nuwe-jaar toe.
Komdt. E. L. Steyn. A9a1.

Schreuder-familie, Kimberley,
wens ons K.G., alle ander Offisiere en Brandwagte van die Ossewabrandwag, 'n gelukkige Kersfees en 'n baie voor-spoedige Nuwejaar toe.

Aan die K.G., A.K.G.; ons eie Kommando en alle brandwagte in die land, ons skoonste Kersfees-wense. **Komdt. en mev. F. C. Truter,** Pam-poenkraal, Moorreesburg.

Aan K.G. en mev. van Rensburg; A.K.G., Generale Meyer, en alle vrien-de, Kersfees seëninge soos in Ges. 107: 3 daarmee die opmars die Nuwejaar in. **T. en J. Theron en gesin,** Koffie-fontein.

Vir alle Offisiere en Brand-wagte van ons volksbeweging in Heidelberg, K.P. en elders is my wens dat hierdie Kersfees vir u baie geseënd mag wees en die Nuwejaar voorspoedig.
Lank lewe die Ossewa-Brandwag!!!
Lank lewe ons Kommandant-Generaal!!!
Komdte. Nicolaas Uys,
Slangrivier.

Hoof-Kommandant en Kommandante Van Rooyen
van die Christiaan de Wet-kommando wens hiermee die K.G.; A.K.G.; hul huisgesinne; alle offisiere en brand-wagte 'n geseënde Kersfees en voor-spoedige Nuwejaar toe.

Ons beste wense aan al ons vriende vir Kersfees en die Nuwejaar. **Van Nelie en Danie Vlok,** Boplaas, Suther-land.

Offisiere en brandwagte van harte wens ek u 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. Die Osse-wabrandwag het in sy korte bestaan 'n nuwe grondslag vir die toekoms ge-lê nl. die geheim om te kry wat ons wil hê is om af te sterf wat ons het, is bewys dat die O.B. die rug vir goed op die parlementêre twisstel-sel gedraai het. Heil, die soldate van ons republiek. — **Komdte. P. A. J. van Dyk,** Napier.

KOPERSBOND BEPERK
Kaapstad

Graag wens ons ons kliënte 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwe Jaar toe.
(Ons besigheid sal gesluit wees vanaf 27 Des. tot en met 3 Jan.)

BOEREJEUG VAN PRETORIA MAAK GESKIEDENIS

In die afgelope drie weke was die aktiwiteite van die Boerejeug van Pretoria toegespits op grootskaalse voorbereidings vir 'n Jeugdag wat op Saterdag, 6 Desember, van stapel gestuur is. Die doel was om geld in te samel om uniforms vir die seuns van die betrokke Generaalskappe (F4 en F12) aan te koop.

Allerhande eetgerei—koue etes, nagereg, pannekoek, koffie, koeksisters, koeldrank, ens., ens. was aangebied op die spyskaart te Klipkoppies bedien.

Aan verskillende veldkornet-skappe is natuurlik elk sy besondere taak opgelê en die manier waarop elkeen sy deeltjie bygedra het, het die groot sukses wat behaal is, moontlik gemaak. Alle kamerade het regtig in 'n egte Boerejeuggees saamgewerk.

Die twee generaals van die afdelings asook ander hooggeplaaste offisiere van die O.B., t.w. die lede van die Gebiedsraad van Gebied F, het die funksie vanaf die middag vroeg bygewoon. Die verrigtinge het reeds ver gevorder toe ons geliefde K.G. om 6 nm. ontvang is deur 'n erewag van Boerejeuglede. Die erewag is omvorm in afdelings en nadat hulle weer voor die verhoog opgestel is, het die K.G. die inspeksie waargeneem.

SKYNHOF

'n Item wat baie aandag geniet het, was die skynhof. Baie pogings is aangewend om te ontsnap, dog die polisie het die-sulkes, waaronder Boerejeug-hoofkommandant, genl. M. M. Smith was, onder arres na die verhoog gebring om te boet vir hul sondes — niemand is on-skuldig bevind nie!

Sommige van die generaals het so groot geskrik dat hulle liewer voor die tyd skuld beken en boete betaal het.

Sportitems soos jukskei, tou-trek en boks het ook die aan-dag van die publiek tydelik afgewend van die heerlike pan-nekoek en ander geregte. Die wagafdeling het die prys vir toutrek gewen.

Kompetisies van allerlei aard is aangebied. Almal kon mee-ding in skyfskiet, gewigraai, pyltjies gooi ens.

K.G.

Die hoofitem van die aand was natuurlik die toespraak van die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg. Hy het op besielende wyse met die jeug gesels en o.a. genoem dat die Boerejeug van die Ossewa-brandwag die enigste jeugbewe-ging in Suid-Afrika is wat kan roem op die feit dat hulle kamerade is van diegene wat agter die tralies en doringdra-de gesit het omdat hulle nie hul broers in die stryd wou verlaat of hul aan die vyand wou uitlewer nie. Die Boerejeug bring hulde aan hul kamerade in kampe en tronke!

Na die toespraak is alle kraampies heropen en die ver-kopinge was gou weer in volle swang.

Nefies en niggies het lus-tig gedraai en geswaai op die volkspele baan. 'n Boe-rejeugorkes het die volk-spele begelei. Soms het dit ge-lyk asof die baan te klein gaan word vir alle deelnemers. Dan moes hulle die terrein eers weer verlaat om die niggies te ver-gas op enigiets „behalwe sterk drank."

GROOT SUKSES

Eindelik moes hoofkomdt. Smith 'n einde maak aan die joligheid deur die publiek te be-dank vir hul groot opkoms en deelname aan die funksie.

Die offisiere belas met die organisasie van die funksie kan met reg verklaar dat dit die eerste funksie van so 'n groot omvang is wat deur die Boere-jeug aangepak en met sukses deurgevoer is.

Boerejeugkommandante(s) van Belfast, Rustenburg en Grie-kwaland-oos het spesiaal vir hierdie geleentheid oorgekom.

Tenslotte kan ons nie nalaat nie om ons opregte waardering uit te spreek, teenoor verskil-lende O.B.-offisiere wat ons met raad en daad bygestaan het. Ons voel verplig om in hierdie ver-band veral te noem genl. Marais, genl. Buys, komdt. Koekemoer, komdt. en mev. Prinsloo, komdte. Bezuidenhoudt, komdte. Eloff en komdte. Smit, asook die ander wat nie hier genoem is nie.

Hierdie Jeugdag is met sukses bekroon en dit het die Boere-jeugoffisiere laat besluit om dit 'n jaarlikse instelling te maak! Hoe lyk dit met die ander Ge-biede?

KO-OPERATIEVE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID AFRIKA BEPERKT

(Geregistreer kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939)

AFLEWERING VAN DRUIWE BY K.W.V. STOKERYE 1948 WYNOES

Vir algemene kennisneming word bekendgemaak dat die K.W.V. bereid is om gedurende 1948 druiwe te ontvang by die Stokerye te Stellenbosch, Paarl, Worcester, Robertson en Montagu teen die vasgestelde prys vir stookwyn. Die gewone 5/- per ton vir parsonkoste sal nie gedurende 1948 afgetrek word nie.

Boere wat van die diens gebruik wil maak, moet by die Stokery-bestuurder waar hulle wil aflewer voor die 15de Januarie 1948 skriftelik aansoek doen, en terselfdertyd die volgende in-ligting verskaf:—

1. Die hoeveelheid druiwe.
2. Die soorte druiwe.

CANZIUS C. PRETORIUS,
Sekretaris.

Posbus 528,
Zuider Paarl.

TRANSVALER VERKOOP GEBOU

In Johannesburg is aange-kondig dat die Voortrekkergebou, eiendom van die Voor-trekkerpers Bpk. deur die Jo-hannesburgse stadsraad aange-koop is vir 'n bedrag van £210,000. Na 31 Maart 1948 sal die stadsraad die eerste twee verdiepings in besit neem. Nog twee verdiepings sal na 31 Augustus in hulle hande oor-gaan.

Die Voortrekkerpers is die uitgewers van die H.N.P.-blad in Transvaal, Die Transvaler.

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 17 DESEMBER 1947.

A.K.G. Verwag Groot Dinge Van Die Boerejeug!

Weer, soos tydens die Tweede Vryheidsoorlog, word ons volksbestaan ernstig bedreig, en waar ouer mense moeg word en hensop, moet die jongeres inspring. Só sien ek die ganse Boerejeug in uniform met vlae en vaandels, die spits vorm van die na-vryheid-marsjerende volk!

By die nadering van Kersfees en die nuwe jaar, is dit ouergewoonte om mekaar goeie dinge toe te wens, en net so om sulke wense maar as gewoonte te ontvang. Die erns van die woorde, of bedoeling daarvan, dring dan nie deur tot die innerlike gemoed van die ontvanger nie. Graag wil ek aan die Boerejeug vanjaar die erns van ons boodskappe aan mekaar besonder beklemtoon, en benadruk dat wat gesê word, in alle erns geskied. Die rede hiervoor is dat die omstandighede meer as ooit erns vereis, veral van ons jong O.B.-lede in die Boerejeug. Hulle moet nou, soos nooit tevore nie, groot bresse — gate in die mure — van ons volk se kultuurfront vul.

Dit is vir my soos in die laaste fase van die Tweede Vryheidsoorlog, toe die taak en plig op die skouers van die jeug geval het om die stryd oor te neem uit die hande van die ouer mense. Weer, soos in daardie tydperk, word ons volksbestaan ernstig bedreig, en waar ouer mense moeg word en hensop, moet die jongeres inspring. Ek dink, om maar één voorbeeld te noem, aan die kommando onder genl. Wynand Malan in Kaapland, waarin die seuns op die voorpunt gestaan het teen oorweldigende magte. En die gemiddelde ouderdom van daardie beroemde kommando was agtien jaar!

Nou is die stryd van die Boerejeug weer om op die voorpunt aan te tree. Die omstandighede, lyk dit vir my, is soos dit in Efesiërs 6 vers 12 uitgedruk word: „want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug."

Ek lees in ons tydskrifte, „Vuurslag", „Die O.B..", „Voorpos", „Opsaal", hoe fluks die Boerejeug is, en van die laertrekke waar hulle afgerig en opgelei word. Dit is alles deel van die worstelstryd. Ek dink aan al die wapens, die kultuurskatte wat ons besit, ook aan die geskiedkundige plekke, almal vegterreine in die stryd.

Dit alles sterk 'n mens in die koestering van steeds groter verwagtings van die jeugfront van die volksbeweging, en daarom kan die wens ook groter wees. Mag julle in die jaar wat kom die deurslag vir ons oorwinning gee! Baie groot dinge moet ons verwag van die Boerejeug met sulke bekwame leiers as wat hulle op Hoofkwartier en in hul onderskeie kommando's het. So sien ek ook reeds die ganse Boerejeug in uniform — die dogters in hul mooi volksdrag — met vlae en vaandels die spits vorm van die na-vryheid-marsjerende volk. Laat ons dadelik ons kommando's uitbrei en die laers groter maak

Daar is 'n groot omwenteling in die wêreld aan die gang. Laat ons die tydstip van die omwenteling aangryp en stormloop. Die O.B. met sy Boerejeug, is en bly die enigste kern wat die vermoë besit tot die volkome ontplooiing van 'n omvattende volksbeweging — die wiel wat Andries Pretorius voorspel het wat „aan die rol gesit en deur niemand gestuit sal word nie". Laat ons die wiel laat rol, vinnig rol!

Daarby my allerbeste seënwense vir al wat goed en groot is, en geluk met Kersfees wat ons immer herinner aan die koms na die gevalle mensdom van die Kind, Jesus, tot verlossing.

J. A. SMITH.

Verjaardagketting

Desember:

17 Anna Venter, Koster.
18 Kowie van Niekerk, Wellington.
Daniel Hugo, Rawsonville.
19 Jacobus Rossouw, Kakamas.
Barbara Murray, Frankfort.
Francois Cillie, Wellington.
20 Jogean Baard, Moorreesburg.
Judith Redelinghuys, Paarl.
Jacoba van Dyk, Koster.
21 Jacoba Posthumus, Indwe.
22 Gerhardus van der Westhuizen, Kakamas-Oos.
Elizabeth Smit, Loxton.
Francois Pienaar, Beaufort-Wes.
Maria van Tonder, Brixton.
Johanna de Jager, Rustenburg.
24 Anna Smith, Middelburg, Tvl.
Cathrina Verster, Stella.
25 Christoffel v.d. Westhuizen, Stella.
26 Sulesda Robbertse, Rhenosterdoorns.
Sanette Hugo, Franschhoek.
27 Johannes Venter, Groot Marico.
Louisa Nel, Kakamas.
Annette Jooste, Stellenbosch.
28 Johan Calitz, Kirkwood.
29 Albert Smit, Malmesbury.
30 Chris Burger, Paarl.
Franseen Smuts, Franschhoek.
31 Alwyn Burger, Brandvlei.
Tobie Roux, Kirkwood.
Josua Cohn, Luckhoff.
Tarina van Wyk, Matooster.

Januarie:

1 Helena Hugo, Franschhoek.
3 Manie Coertze, Stella.
4 Stefanus Nieuwoudt, Stella.
5 Pieter du Toit, Wellington.
Magdalena van der Linde, Bultfontein.
Louis Snyman, Koffiefontein.
Jacobus Snyman, Koffiefontein.

Vryheidsdag-Seëls



Propageer Vryheidsdag volgende jaar deur Vryheidsdagseëls op u briewe te plak.

Hou „Die Boerejeug" dop vir besonderhede.

Oom At se Brief

Posbus 570,
Liewe Maatjies, BENONI.

Ná die liggaamlike, kom ons **verstandelike opleiding.** Hiervoor sorg die skool in die eerste instansie, en dit is noodsaaklik dat ons die waarde van kennis en geleerdheid baie goed sal besef, want ons het oneindig baie probleme in ons land waarteen ons elke dag te staan kom.

Een van die vernaamste redes waarom ons so ver as moontlik moet leer, is omdat ons ook in Suid-Afrika miljoene gekleurdes het, wat nie aan die slaap is nie, maar vandag ook by die honderd-duisende skole besoek, en tensy ons waak, nog eendag ons meerderes op daardie gebied gaan wees. Later sal ons miskien weer hieroor kan gesels.

In die blankes se stryd om bestaan in Suid-Afrika, is dit nodig dat elke Boerejeugseun en -dogter, sal sorg dat hulle so ver as moontlik studeer. Selfs al moet julle weens omstandighede soms vroeg die skool verlaat, moet julle gebruik maak van die geleenthede wat daar vandag vir volwassenes geskep word om verder te studeer. Dit hang van onsself af of die Geskiedskrywer van die toekoms ook eendag van ons sal sê dat die volk ondergegaan het, ten gevolge van 'n gebrek aan kennis.

En nou kom ons by die laaste, maar seker nie die onbelangrikste voorbereiding wat ons nodig het vir ons stryd om bestaan nie, en dit is die bou van 'n sterk karakter, of, soos ons vroeër gesê het, die **geestelike opleiding.**

Karakter is die fondamentsteen waarop die hele samelewing berus. As die burgers van 'n staat gemiddeld sterk van karakter is, kan so 'n staat nie baie maklik ondergaan nie. Sodra as wat dit egter nie meer die geval is nie, gaan selfs magtige ryke soos dié van die Grieke en Romeine onder — julle ken mos die geskiedenis né? Ons karakter word reeds van ons vroegste jare af gevorm deur die opvoeding wat ons tuis kry. Dis egter 'n proses wat nooit ophou nie, selfs nie nadat ons liggaam sowel as ons verstand wolwassenheid bereik het nie.

Wat verstaan ons nou eintlik onder daardie woord „karakter" wat deur so baie mense gebruik word sonder dat hulle presies weet wat dit beteken? Mense wat 'n sterk karakter het, openbaar die volgende eienskappe: Hulle gooi nie maklik tou op nie maar hou aan, selfs wanneer andere die taak as hopeloos beskou. Hulle is eerlik, respekteer die eiendom van andere, kyk nooit met minagting neer op hulle minderes nie dog kan ook hulle meerderes waterpas in die oë kyk indien nodig. Hulle is mededeelsaam en nie inhalig nie. Hulle is pligsgetrou en wanneer hulle 'n opdrag kry doen hulle dit dadelik, of dit nou al aangenaam is of nie.

Nou ja, maats, ek kan nog uitbrei oor die vorming van karakter vir baie ure, maar ons sal nog baie daarvan hoor en dus niks meer vandag nie. Die lesse wat ons leer wanneer ons weekliks bymekaarkom as Boerejeug, handel ook hoofsaaklik oor karakter en dissipline, en dus weet julle almal wat daarmee bedoel word.

Met beste groete, van
OOM AT GEERINGH.

Dogters Op Kombuisdiens



Die Jeugleier en sy Hoofkwartier wens alle Boerejeug-offisiere, Boereseuns, en -dogters, en Boerekleingoed, 'n geseënde Kersfees en 'n baie aangename vakansie toe, en vir die nuwe jaar alles wat groot en edel is.

KERSFEESKAARTE



4 Verskillende Pragontwerpe met O.B.-wapen

4/6 Per Dosyn

O.B.-wapen, en Wag- en Boerejeugkentekens in kleure
4 van elke ontwerp per stel

2/6 PER  DOSYN

As u nie 4 van elke ontwerp in 'n dosyn wil hê nie, sal ons u bestelling saamstel soos versoek, dan teen 3/- per dosyn, i.p.v. 2/6.

BESTEL DADELIK BY
BOEREJEUGHOOFKWARTIER,
Meyergebou 9, Potchefstroom.

OPPOSISIE BINNE VYFTIEN MAANDE IN OOS-EUROPA

In hul stelselmatige veldtog om alle anti-Kommunistiese leiers in die Balkan en Oos-Europa onskadelik te maak, is die leier van die Roemeense Onafhanklike Sosialistiese Party, Constantin Petrescu, deur die Kommunis-beheerde Roemeense regering in die tronk gestop omdat hy geweier het om na die pype van die Kommuniste te dans. Die inhegtenisname van hierdie anti-kommunis is reeds voorafgegaan deur die likwidering van dr. Juliu Maniu, leier van die Roemeense Kleinboereparty, wat tot lewenslange tronkstraf veroordeel is.

Hierdie arrestasies in Romenië is slegs die voorloper van wat die Kommuniste werklik van plan is om te doen. Hulle uiteindelike doel is, volgens waarnemers, om alle anti-kommunistiese groepe te vernietig voordat die Russiese troepe dalk eersdaags Romenië moet verlaat. Voordat dit gebeur wil hulle 'n sterk eenparty-regering — 'n kommunistiese — daarstel om oor die wel en weë van Romenië te beslis.

Die troon van koning Michael, sowel as sy eie lewe, word ook bedreig. Hy is 'n persoonlike vriend van Petrescu en is 'n sterk faktor aan die kant van die anti-kommuniste.

Een van Petrescu se luitenante, Z. Volman, het reeds uit Romenië gevlug en in Antwerpen aangekom. Hy vrees dat as hy in Romenië bly, hy slegs sy eie lewe sal verkort.

ALLEDAAGS

Berigte oor die likwidering van anti-kommunistiese leiers in die balkan, het reeds sulke alledaagse nuus geword, dat die betekenis daarvan vir baie verlore gaan. Feitlik alle leiers met invloed is reeds onskadelik gemaak. Mens dink maar net aan die Joegoslawiese anti-Kommunistiese leier, Michailowitsch, wat teen die middel van verlede jaar tereggestel is nadat hy gefolter is om 'n bekentenis af te dwing. Van hom het die Kommunis Tito gesê: **„Hy moet sterf of hy skuldig bevind word of nie."**

VOËLVRY

In Bulgarye is alle leiers van die anti-Kommuniste voëlvry verklaar, hulle politieke regte hul ontneem, hul eiendom gekonfiskeer en hul leier, Nikolai Petkof tereggestel nieteenstaande Amerika se ernstige protes teen sy verhoor.

'n Paar weke gelede moes die Poolse anti-kommuniestiese leier Mikolajczyk en sy vernaamste ondersteuners ook uit hul vaderland vlug. Hy is tans in Amerika waar hy probeer om Amerikaanse steun te verkry.

Onmiddellik hierna moes die Hongaarse anti-kommunistiese leier, Zolton Pfeiffer, vir sy lewe uit sy vaderland vlug. Alleen die feit dat hy daarin geslaag het om van die kommuniste te ontkom, het hom in staat gestel om sy verhaal aan die Weste te vertel.

S.A. SE AANDEEL

Dit is maar net wat die leiers betref. Tienduisende anti-kommuniste moes reeds met hul lewens boet. **In Bulgarye alleen is 60,000 persone tereggestel terwyl 40,000 in kampe en tronke beland het.** Omdat die Kommuniste hul dade agter die ystergordyn soveel moontlik bedek, en daar slegs af en toe klein stukkies nuus na die Weste deurglip, is dit nie bekend hoeveel persone in ander gebiede omgekom het nie.

Vir hierdie toestand van sake het Suid-Afrika 10,000 van sy seuns laat doodskiet en £600 miljoen betaal.

Stalin Sê Nee

Stalin steek nie net 'n stok in die wiel van Russiese bruide wat na hul eggenotes in Amerika en Engeland wil gaan nie, maar hy het ook nou die koning van Roemenië, Michael I, belet om hom te verloof aan prinses Anne de Bourbon-Parma.

Terwyl Michael onlangs in Londen was, het hy sy Russies-beheerde regering in kennis gestel van sy voorgestelde verlowing Die Roemeense minister van buitelandse sake het egter verklaar dat Rusland eers geraadpleeg moet word. Die antwoord van die Kremlin was „nee".

Die rede vir die weiering is hoofsaaklik omdat die Russe nie wil hê Roemenië moet sy bande met die Weste versterk nie.

Michael word hier saam met moeder (l.) en die koning se suster gesien op pad na Londen kort voordat hy die Roemeense regering van sy voornemens vertel het.

Speurder Onthou Beskrywing

Die Suid-Afrikaanse polisie het nog 'n prestasie by hul skitterende rekord bygevoeg deur die beweerde moordenaar van 'n Britse immigrant, Bruce, op te spoor. Bruce self was nie 'n onbekende vir die Londense polisie nie.

Nadat die moord ontdek is, het die polisie uiters min leidrade tot hul beskikking gehad. Maar hul arrestasie onlangs van twee persone in Johannesburg, C. Nieuwoud en S. Ferreira, in verband met die moord, het hul roem in Suid-Afrika sowel as in die buiteland verhoog.

Die ondersoek was een van die opspraakwekkendste en dit was selfs nodig om na Europa en Engeland te stuur ten einde leidrade in die hande te kry. 'n Uitgebreide soektog is ook in die Unie aan die gang gesit en 'n spesiale groep speurders is met hierdie taak belas.

HERKEN

Die inhegtenisname het egter skielik gekom. In Jeppe is 'n diefstal aangemeld. Speurdersersant T. Moeller

(Vervolg in kol. 2)

Unie Voer Helfte Van Suiker In Wat Hy Uitvoer

Die eienaardige situasie het tans in die Unie ontstaan dat terwyl ons jaarliks om en by die 80,000 ton rietsuiker uitvoer, waarvan die grootste gedeelte na Brittanje gaan, handelaars eersdaags 40,000 ton beetsuiker vanaf Brittanje sal invoer om die plaaslike tekort wat deur die uitvoer veroorsaak is, aan te vul. Intussen het Brittanje self so 'n tekort aan suiker dat die weeklikse rantsoen 'n half-pond suiker en drie onse lekkers per persoon is.

Inderdaad is suiker in Brittanje so skaars dat duisende persone in Suid-Afrika weekliks ponde en ponde suiker deur middel van geskenkpakkies na Brittanje uitvoer om die Britse tee en pap soet te maak. Dit is 'n baie gesogte geskenk.



Intussen kom dit ook aan die lig dat die Unie se suikerproduksie nieteenstaande die groeiende verbruik reeds jare lank kunsmatig beperk en staties gehou is deur voorskrifte van owerheidsweë wat die suikerbaronne verbied om hul lande groter te maak.

Nou dat Unie-verbruikers reeds gewoond geword het om bitter koffie te drink, is aangekondig dat die regering verlof toegestaan het dat die suikervelde uitgebrei kan word. Volgens hierdie inwilliging sal daar nou 80 of 90 nuwe velde aangelê word wat ongeveer £4,000,000 sal kos.

INVOER

Private sakemanne het die afgelope weke naarstiglik probeer om permitte in die hande te kry vir die invoer van beetsuiker uit Brittanje. Na verwagting is 40,000 ton suiker by hierdie transaksie betrokke.

Die enigste belang wat by hierdie mal transaksie baat, is die Britse skeepvaart wat vergoeding kry vir die heen-en-weer karweiery van suiker — wat hulle in elk geval besig hou solank hulle weier om S.A. steenkool te vervoer.

KWOTA

Die Unie-regering het aangekondig dat as gevolg van die goeie reëns in Natal, daar 'n taamlike suikeroes verwag word. As gevolg hiervan sal die inkorting van die suikerkwota wat op 1 September van krag geword het, vanaf 1 Januarie verval.

Soos onlangs deur die O.B. aangetoon, het sulke aangekondigde vermeerderings nie altyd dieselfde uitwerking in die praktyk nie. By 'n vorige geleentheid (tydens Junie vanjaar) was suiker, nadat 'n vermeerderde kwota aangekondig is, skaarser as voorheen.

Afrikaanse Duitsers

Die Duits-Afrikaanse Hulp-Aksie (D.A.H.A.) het die afgelope week aansienlike hoeveelhede klere en voedsel met die Hollandse boot Aalsum na Duitsland verskeep, na mnr. W. H. Andrag, voorsitter van die Kaapstadse tak, Die O.B. meedeel.

Onder meer is 68 groot kaste klerasie en 80 bale wol wat deur die Boere van Wes-Kaapland geskenk is, versend. Verder is gedroogde vrugte ter waarde van £2,000 en blikkies vleissmeer, ens. ter waarde van £1,700 met dieselfde boot verskeep.

Die Aalsum gaan regstreeks na Hamburg en die goedere sal

Hulp Aan

indien moontlik nog voor Kersfees in Duitsland versprei word.

D.A.H.A. erken ook met hartlike dank die ontvangs van die tjek ter waarde van £150 afkomstig van genl. P. R. Retief en sy seuns. Mnr. S. P. Hauptfleisch van Noorder Paarl het ook 'n tjek van £25 aan D.A.H.A. gestuur.

Ministers Stap Kwaad Uiteen

Die „Vier Grotes" se ministers van buitelandse sake het verlede week tot so 'n dooiepunt gekom dat hulle in woede verdaag het sonder om te besluit tot wanneer. Later is per telefoon nuwe reëlings vir die sitting getref, wat hierdie week voortgesit sou word in 'n atmosfeer van wanhoop en vyandigheid.

Die botsing het gevolg op Rusland se eis om skadevergoeding van Duitsland — 'n bedrag van £2,500 miljoen bereken teen die vooroorlogse waarde van geld, d.w.s. dubbel soveel. **Dit is dus 'n bedrag aansienlik groter as die beraamde Marshall-plan om Europa op die been te bring, en waarvan 'n groot deel na Duitsland sal moet gaan. Waar dit dus eintlik op neerkom is dat Amerika van die een kant geld moet ingooi en Rusland raap dit weer op van die ander kant.**

In hierdie omstandighede beskou waarnemers die konferensie reeds as 'n voldonge mislukking.

(Vervolg van kol. 5)

was op diens toe 'n persoon die kantoor inkom om besonderhede oor die geval te verstrek. Hy het byna van sy stoel af geval, want die man wat voor hom gestaan het, het presies ooreengestem met die beskrywing van die persoon wat die polisie soek in verband met die Bruce-moord.

Hierna was die saak baie eenvoudig, en die beskuldigde is enkele ure later in hegtenis geneem in sy werkplek.

Die insameling van die leidrade en die uiteindelike sukses van die polisie in hierdie saak, word beskou as een van die knapste stukkies werk van die afgelope tyd in die wêreld.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.